

Shofar Christian Church

# Reageer op die Goddelike oomblikke

Jaco van Rooyen

Die Israeliete het in die woestyn van Sinai aangekom
presies twee maande nadat hulle uit Egipte weg is. 2
Nadat hulle by Refidim opgepak het, het hulle in die
woestyn van Sinai aangekom. Israel het daar in die
woestyn kamp opgeslaan, reg teenoor die berg.

**Eks 19**

3 Moses het teen die berg uitgeklim na God toe. Die
Here het bo van die berg af met hom gepraat en vir
hom gesê: "Sê vir die mense van Jakob en vir die volk
van Israel die volgende: 4 'Julle het gesien wat Ek met
die Egiptenaars gemaak het en hoe Ek julle as't ware op
die vlerke van 'n arend opgelig het en hier na My toe
gedra het.

**Eks 19**

5 As julle regtig gehoorsaam is aan My en vashou aan
my verbond met julle, sal julle my persoonlike volk
wees tussen al die nasies van die wêreld. Die hele
wêreld behoort aan My, maar julle sal in besonder die
nasie wees wat aan My toegewy is. 6 Julle sal my
koninkryk van priesters wees, 'n nasie wat die Here
dien.' Dit is wat jy vir die Israeliete moet sê."

**Eks 19**

7 Moses het toe van die berg af geklim en die leiers van
die volk bymekaargeroep. Hy het vir hulle alles vertel
wat die Here hom beveel het. 8 Die volk het toe soos
uit een mond gesê: “Ons sal alles doen wat die Here vir
ons gesê het.” Moses het aan die Here gaan rapporteer
hoe die volk op sy opdrag gereageer het.

**Eks 19**

9 Die Here het toe vir Moses gesê: “Ek gaan in ’n swaar wolk na jou toe kom sodat die volk kan hoor hoe Ek met jou praat. Hulle sal jou dan altyd vertrou.”
Nadat Moses aan die Here oorvertel het wat die volk alles gesê het, 10 het die Here vir hom gesê: “Gaan weer terug na die volk toe en berei hulle vandag en môre voor om My te ontmoet. Hulle moet hulle klere was.

**Eks 19**

11 Hulle moet reg wees vir die derde dag, want op
daardie dag gaan Ek die Here voor hulle oë na die
Sinaiberg toe afkom. 12 Baken die berg reg rondom af.
Waarsku hulle: ‘Pas op! Moenie op die berg klim nie.
Enigeen wat in die afgebakende deel ingaan, sal beslis
doodgemaak word.

**Eks 19**

13 Niemand mag naby kom nie. As iemand dit doen, moet hy sonder meer met klippe doodgegooi word of met ’n pyl doodgeskiet word. Of dit nou ’n dier of ’n mens is, hy mag nie langer bly lewe nie.’ Wanneer die volk ’n trompet hoor blaas, moet hulle teen die berg begin opklim.”

**Eks 19**

14 Moses is toe van die berg af na die volk toe. Hy het hulle gereed gekry om God te ontmoet. Hulle moes hulle klere was. 15 Hy het vir hulle gesê: “Maak reg vir ’n belangrike gebeurtenis twee dae van nou af. Bly in hierdie tyd weg van seks af.”

**Eks 19**

16 Vroeg die oggend van die derde dag was daar donderslae en weerlig. ’n Dik wolk het oor die berg gehang. ’n Trompet het baie hard geblaas. Die volk in die laer was doodbang. 17 Moses het die volk uit die kamp uitgelei om God te gaan ontmoet. Hulle het aan die voet van die berg gaan staan.

**Eks 19**

18 Die hele Sinaiberg was toe onder die rook toe die Here daarna toe afgekom het in ’n vuur. Die rook het die lug in geborrel soos rook uit ’n oond. Die hele berg het verskriklik geskud. 19 Die trompet het al harder en harder geblaas. Moses het gepraat en God het hom met donderslae geantwoord.

**Eks 19**

20 Die Here het toe afgekom na die top van die
Sinaiberg toe en Moses na Hom toe geroep. Moses het
toe teen die berg uitgeklim.
21 Die Here het vir Moses gesê: “Klim weer af en gaan
waarsku die volk om nie in die afgebakende gebied in te
gaan om na die Here te kyk nie. Baie van hulle sal dan
doodgaan.

**Eks 19**

22 Selfs die priesters wat dikwels voor die Here kom, moet hulleself eers voorberei, anders sal hulle doodgaan."
23 Moses het toe vir die Here gesê: "Die volk kan nie op die Sinaiberg klim nie. U het ons mos beveel om die berg af te sper en vir U af te sonder."

**Eks 19**

24 Die Here het hom geantwoord: “Klim af en bring
Aäron saam met jou terug. Die priesters en die volk
mag egter nie in die afgebakende gebied kom om
hiernatoe op te klim nie. Ek sal hulle beslis straf.”
25 Moses het afgeklim en vir die volk gaan vertel wat
die Here vir hom gesê het.

**Eks 19**

11 Wie van die gode
kan met U vergelyk word,
Here?
Wie is so hoog en heerlik
soos U?
Wie is so vreesaanjaend groot?
Wie kan sulke wondere doen
soos wat U laat gebeur?

**Eks 15:11-13**

12 U het u regterhand uitgesteek,
die aarde het u vyand
ingesluk.
13 Hierdie volk wat U gered het,
lei U met liefde.
U sal hulle lei met u krag
na die plek
waar u Naam heers.

**Eks 15:11-13**

32 Wil U nie maar asseblief hulle sonde vergewe nie?
As U nie wil nie, moet U tog maar my naam uitvee
uit die boek waarin U dit opgeteken het.”
33 Die Here het vir Moses gesê: “Ek sal net die name
van dié wat teen My oortree het, uitvee uit die boek.

**Eks 32:32-33**

13 “As dit dan so is, sê asseblief wat u planne is sodat ek
kan weet wat U van my verwag. Hierdie mense is tog u
eie volk.”
14 Hy vra toe vir Moses: “Moet Ek dan self saamgaan
sodat jou hart kan rus?”

**Eks 33:13-16**

15 Moses sê vir Hom: “As U nie self saamgaan nie, moet
U ons nie eers ’n tree van hier af laat beweeg nie. 16 As
U nie saam met ons gaan nie, waaraan sal dit duidelik
wees dat U vir my en u volk lief is? Hoe anders sal dit
duidelik wees dat U anders oor ons voel as oor die
ander volke op aarde?”

**Eks 33:13-16**

18 Die volk het baie bang geword toe hulle hoor hoe die
donderweer rammel, die trompet geblaas word en sien
hoe die rook uit die berg borrel. Hulle het op ’n afstand
gaan staan.
19 Hulle sê toe vir Moses: “Jý moet maar liewer met ons
praat. Ons sal na jou luister. Moenie dat God self met
ons praat nie. Ons sal dan sterf.”

**Eks 20:18-19**

26 Die dag wanneer die Here die wonde van Sy volk verbind en die seerplekke genees waar Hy hulle geslaan het, sal die maan so helder skyn as die son en die son sewe maal so helder as die lig van die sewe dae saam.

**Jes 30:26**

# Moses se reaksie

Daar is spanning in ons soeke na God se teenwoordigheid tussen die “hande” en “gesig” van God.

Bevestiging van “refleksie” is nie in ons woorde nie, maar in veranderde lewens.

# Aaron se reaksie

Daar is spanning in ons soeke om God te ervaar in "afgesonderheid" vs "gemeenskap".

God se begeerte om met ons te ontmoet is groter as ons begeerte om met Hom te ontmoet.

# Israeliete se reaksie

Daar is spanning tussen “eienaarskap vs “verbruikersindroom”.

Die krag van die kerk le in hoeveel mense deur God vertrou kan word om uit te voer.

# Herwin die krag in ons God-ontmoetings

1. Ons moet onthou waar ons vandaan kom.
2. Ons moet herinner word, aan wie en wat ons moet word.
3. Ons moet herinner word aan ons beloftes

17 Jy sê: “Ek is ryk; ek het skatryk geword en het aan niks behoefte nie.” Jy besef nie dat jy ellendig en bejammerenswaardig is nie, armlastig, blind en kaal.

**Openbaring 3:17-18**

18 Ek gee jou daarom die raad om by My goud te koop wat deur vuur gesuiwer is sodat jy ryk kan word; en koop vir jou wit klere om aan te trek sodat die skande van jou naaktheid nie algemeen sigbaar word nie; en koop ook oogsalf om aan jou oë te smeer sodat jy kan sien.

**Openbaring 3:17-18**